

AANDGESPREKKE

(DAGBOEK)

Saamgestel deur

Dr MTS ZEEMAN

en

Dr JA HEYNS

Sacum Beperk

Posbus 478, Bloemfontein

1963

WAT DIE WOORD KERK BETEKEN

...aan die gemeente van God wat in Korinte is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges ... (1 Korintiërs 1:2)

Die woord wat in die Nuwe Testament sowel as in die Griekse vertaling van die Ou Testament vir *kerk* (of *gemeente*) gebruik word, is 'n woord wat in die alledaagse Grieks eenvoudig *volksversameling* of *vergadering* beteken het.

Wanneer daar in een of ander Griekse stad 'n vergadering van al die inwoners gehou moes word, omdat die vors van daardie stad iets bepaalds aan die burgers wou laat afkondig, of wanneer daar gewigtige besluite geneem moes word, is die heraut of roeper uitgestuur om die volk saam te roep. Sy stem klink dan deur die strate heen, en die volk begin om saam te stroom na die markplein waar die vergadering gewoonlik gehou is. Die burgers van die stad is dan diegene wat uitgeroep word uit hulle huise en saamgeroep word vir die byeenkoms.

Dit is merkwaardig dat juis hierdie woord in die Bybelse spraakgebruik oorgeneem is om die kerk aan te dui. Dit kon alleen gebeur, omdat die Heilige Gees, wat die Groot Outeur van die Heilige Skrif is, die kerk ook wou laat sien as 'n vergadering of versameling van mense wat saamgeroep is. Uit die wêreld met sy sonde en verloreheid word daar 'n aantal mense deur die Woord van God saamgeroep. Hulle is die gemeente of kerk van Jesus Christus. Vandaar dat Paulus soveel erns daarmee maak om telkens te beklemtoon dat die gelowiges uit die wêreld uitgeroep is, dat hulle geroepenes is. Die Woord van God is die stem van die heraut wat in die wêreld weerklink. Die Gees van God skeep 'n oor in die harte van mense om die roepstem te hoor. En oral waar die geroepenes antwoord op die stem wat tot hulle kom, daar ontstaan die kerk.

Die Kerk van Jesus Christus is niks anders nie, as die versameling van diegene wat geroep is deur die Woord en die Gees van Jesus Christus uit die duisternis van sonde en verloreheid tot die wonderbare lig van die verlossing (vgl 1 Petrus 1:9).

Wat 'n vreugde om te kan getuig dat ook ons die stem gehoor het en versamel is met die geroepenes ...!

DIE OORSPRONG VAN DIE KERK

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ... ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees (Efesiërs 1:3–4).

Die kerk is die vergadering van diegene wat geroep is uit die duisternis tot die wonderbare lig. Die oorsprong van die kerk moet egter ver terug gesoek word. Dit lê in die ewige Raad van God.

In sy ewige Raad het God in sy liefde reeds die plan beraam om vir Hom uit die sondige menslike geslag uit louter genade 'n volk te berei en te versamel. Ons teks praat van “voor die grondlegging van die wêreld.” Reeds tóé al het God besluit om sommige uit die verdorwe menslike geslag uit te kies, hulle tot Hom te roep en sodoende vir Hom 'n gemeente te vorm. Die kerk is gebore uit die genade van God, uit louter welbehag van Hom wat die reg en die mag gehad het om die ganse menslike geslag vir ewig te verdelg.

Ons teks sê dat die uitverkiesing in Christus geskied het. Dit beteken dat God diegene wat gered word, nie uitverkies het op grond van hulle eie hoedanighede nie, maar op grond van die feit dat Christus vir hulle sou sterwe en hulle skuld sou versoen. Reeds dáár in Gods Raad het Christus onderneem om eenmaal vir die sonde te sterwe en die skuld te betaal van diegene wat die ewige lewe moet beërwe. Reeds dáár is dus 'n band gelê tussen Christus en sy kerk. God kan en wil die kerk alleen verkies en opneem in sy gemeenskap, omdat die kerk in Christus is. Die liefde wat God vir Christus het, word ook uitgegiet oor diegene wat eenmaal deur die Woord en die Gees van Christus uit die wêreld versamel sal word en in Christus ingeplant sal word.

Die kerk is nie 'n menslike maaksel nie. Dit is nie 'n vereniging wat mense uit eie beweging gestig het nie. Die kerk is die gemeenskap van die uitverkorenes vir wie se sonde Christus betaal het en wat deur die Woord en die Gees van Jesus Christus byeengeroep is tot 'n heilige vergadering.

Wat 'n wonder om te mag glo dat God van ewigheid af reeds aan ons gedink het en sy hand na ons uitgebrei het ...

2 Junie

Lees: Efesiërs 1:1–14

CHRISTUS VERSAMEL DIE KERK

Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek (Johannes 12:32).

Die kerk is nie 'n menslike maaksel nie. Die kerk is nie 'n vereniging wat mense uit eie vrye beweging gestig het nie. Die kerk is die gemeenskap van mense wat saamgeroep is en versamel is deur Jesus Christus self.

Christus het dit duidelik uitgespreek dat almal wat deur die Vader aan Hom gegee is (dit is: die uitverkorenes) na Hom toe sal kom en in Hom die ewige lewe sal beërwe (vgl Johannes 6:37). Hierdie mense kom egter nie uit eie vrye beweging nie, maar omdat Christus hulle na Hom toe *trek*. Die “almal” waarvan in ons teks sprake is, kan blykens die verband niks anders bedoel nie, as: almal wat deur die Vader aan Christus gegee is, almal wat voor die grondlegging van die wêreld reeds in Christus uitverkies is. Hulle sal met onweerstaanbare krag na Christus toe getrek word, net soos 'n magneet voorwerpe tot hom aantrek. Hulle sal uit die wêreld weggetrek word, net soos 'n sterk magneet voorwerpe van 'n ander magneet wat swakker is, kan wegtrek. Hulle sal rondom Christus saamgetrek word, net soos 'n magneet voorwerpe om hom saam kan trek.

Dit alles sal geskied “as Christus van die aarde verhoog word.” Hierdie woorde sien in die eerste instansie op Christus se verhoging aan die kruis (vgl v 33), maar tog beslis ook op sy verhoging in die hemel by sy hemelvaart. Toe is, as vrug van die verhoging van Christus aan die kruis, die Heilige Gees uitgestort om mense met onweerstaanbare krag te oortuig van hulle sonde, hulle uit te dryf tot die vraag: “Wat moet ons doen, broeders?” (Handelinge 2:37), sodat hulle deur geloof en bekering in Christus ingelyf kan word.

So versamel Christus self sy kerk deur sy Heilige Gees. Daarom staan daar in Handelinge 2:47 dat die Here (verstaan: Christus) daagliks by die gemeente gevoeg het die wat gered is. 'n Mens moet deur Christus by die kerk gevoeg wees om waarlik daaraan te behoort.

Wat 'n troos om te weet dat die groei en die voortbestaan van die kerk nie in mensehande is nie, maar in die deurboorde hande van die verhoogde Heiland ... !

CHRISTUS VERSAMEL DEUR SY GEES

En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel (Johannes 16:8).

Christus versamel die kerk deur Sy Heilige Gees. Die Gees van God is voortdurend besig met sy oortuigingswerk in die harte van mense. Hoe koud en onverskillig en vyandig 'n mens ook al teenoor Christus en sy saak mag staan, waar die Gees van God begin werk, moet daar verandering kom.

In Johannes 3 5–8 maak Christus dit aan Nikodemus duidelik dat niemand die koninkryk van God sal sien nie, tensy hy deur die Gees van God wedergebore word. Op 'n geheimsinnige en onverklaarbare wyse werk die Gees van God in die hart van die mens en bring daar 'n nuwe lewe tot stand, 'n nuwe geboorte. Daar kom 'n oor vir die Woord van God in so 'n mens: daar kom 'n oog om sy eie verlorenheid te sien. Die Gees begin hom oortuig dat hy 'n sondaar is. Dit is altyd die eerste werk van die lewendmakende Gees in die hart van die mens, om hom te oortuig van sonde. 'n Mens kan nooit werklik 'n lidmaat van die kerk van Jesus Christus wees, as daar nie ten minste een of ander tyd in jou lewe die besef in jou deurgebreek het dat jy voor God ten volle doemwaardig en bankrot is nie. Alleen die Gees van God kan 'n mens waarlik van sonde oortuig en jou uitskud uit jou fariseïsme, sodat jy kan kom tot die gebed van die tollenaar: O God, wees my, sondaar, genadig! (Lukas 18:9–14).

Slegs wie geleer het om te sien dat Gods oordeel oor hom 'n oordeel van geregtigheid is, slegs by wat geleer is deur die Heilige Gees om God in die gelyk te stel as Hy hom veroordeel vanweë sy sonde, kan na Christus vlug met berou en bekering. Slegs so 'n persoon word waarlik uitgeroep uit die wêreld en by Christus versamel. Slegs so 'n persoon ontvlug die ewige oordeel waarmee die vors van hierdie wêreld geoordeel is, en skuil in die ewige Rots wat vir ons geklief is.

Wat 'n vreugde smaak elkeen wat deur die Gees oortuig is van sy sonde en wat vanuit die nood van sy verlorenheid tot Christus gegaan het in die eenvoud van die geloof. Sy sonde is vergewe. Ag, ken u die vreugde, liewe leser ... ?

**4 Junie
15**

Lees: Johannes 16:1–

CHRISTUS VERSAMEL DEUR SY WOORD

Julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die Woord van God wat tot in ewigheid bly. (1 Petrus 1:23).

Christus versamel sy kerk deurdat die Heilige Gees mense innerlik wederbaar en tot oortuiging van hulle sonde bring. In hierdie werksaamheid van die Gees van God word die Woord van God as die middel gebruik waardeur die Gees in die reël werk.

Die Woord van God is 'n lewe-wekkende Woord, omdat dit deur die Gees van God in die harte en lewens van mense toegepas word. Gods Woord is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard. Dit dring in in die lewens van mense (Hebreërs 4:12). Dit roep die dinge wat nie bestaan nie, asof hulle was. God gebied en dit staan. Soos Hy eenmaal met sy Woord die ganse skepping uit niks in aansyn geroep het, so roep Hy deur sy Woord lewe te voorskyn uit die dooie harte van mense. Onder die geklank van die gepredikte Woord ontstaan daar geloof in hulle harte. Die Woord, sê ons teks, is die *middel* waardeur God die onverganklike saad van 'n nuwe geboorte in die harte van die gelowiges uitgestort het. Die Woord van God is die geroep van die heraut wat uitgaan in die stad om die burgers van die koninkryk byeen te bring. En wie dié geroep eenmaal gehóór het, kan nooit meer dieselfde wees nie. In sy lewe het alles net anders geword. Hy is versamel in die vergadering van dié wat geroep is uit die duisternis na die wonderbare lig.

Wie só geroep is deur die Woord, klem hom stewig vas aan die beloftes van God. Hy sien wel sy eie ellende, maar hy hoor die soete klank van Gods genadeverkondiging. Hy verlaat hom vir tyd en ewigheid op die Woord van God wat tot in ewigheid bly. Hy ken maar een troos en een verwagting: die beloftes van God wat in Christus Jesus ja en amen is!

So word die kerk versamel deur die diens van die Woord.

Wat 'n versterking is die beloftes van God vir elkeen wat dit verstaan en hom daarop verlaat!
O, klem u tog daaraan vas ...!

Lees:

1 Petrus 1:13–25

DIE GEBOU EN DIE STENE

... laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, in heilige priesterdom ... (1 Petrus 2:5).

Die kerk is 'n vergadering van mense wat deur die Gees en die Woord van Jesus uit die wêreld saamgeroep is om één versameling van geroepe heiliges te vorm. Die kerk is nie maar 'n versameling van enige soort mense nie, en allermens is dit 'n soort volksorganisasie waaraan 'n mens nou maar een maal moet behoort omdat jy lid is van 'n bepaalde volk, en dit “so hoort” dat elke regskepe lid van daardie volk aan die kerk behoort. Nee, die kerk is die versameling van ware gelowiges in Christus Jesus; die vergadering van diegene wat deur die Gees van God lewend gemaak is uit hulle geestelike dood, wat die beloftes van die evangelie gehoor en aangeneem het, wat die vergiffenis van hulle sondes deelagtig geword het. As hierdie dinge nie van 'n mens gesê kan word nie, is hy in wese nie 'n lidmaat van die kerk van Christus nie, en as hy tog aan die kerk in sy sigbare gestalte in hierdie wêreld behoort, is hy waar hy nie hoort nie, en gee hy voor om iets te wees wat hy nie is nie.

Die Nuwe Testament gebruik baie beelde om juis hierdie waarheid op die hart te bind. In ons teks hierbo word die beeld gebruik van 'n gebou. Die kerk is soos 'n gebou, en elke lidmaat moet 'n steen wees, wat gemessel is in die mure van die gebou. Die verhouding van die lidmate tot die kerk mag dus nooit 'n losse verhouding wees nie, maar daar moet 'n innige verbondenheid bestaan, net soos 'n steen wat eenmaal in die mure van 'n gebou ingemessel is, nie meer agterna daaruit weggehaal kan word sonder om die gebou te verbreek nie. Die kerk is egter nie vergelykbaar met 'n gewone gebou met dooie stene nie. Daarom sê die apostel dat die lidmate lewende stene moet wees. Die Gees van God moet in elkeen lewe gewek het en nou in hom woon. Die kerk is dan ook 'n “geestelike huis.” Die bouheer is Christus self wat deur sy Gees die stene een-vir-een hanteer en hulle invoeg in die mure van die tempel van die Heilige Gees (vgl 1 Korintiërs 6), die huis van God (1 Timoteus 3:15)

Laat u ook so opbou, sê Gods Woord.

6 Junie

Lees: 1 Petrus 2:1–10

DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

Die gemeente ... wat sy liggaam is ... (Efesiërs 1:22–23)

Die Nuwe Testament spreek herhaaldelik oor die kerk as die liggaam van Christus. Ook dit is 'n beeld – net soos die beeld van die gebou met sy stene – wat wil aangee watter besondere aard die kerk eie is en watter besondere kwaliteit sy lede besit.

As die kerk die liggaam van Christus genoem word, dan word daarmee in die eerste plek aangedui dat die kerk só innig met Christus verbonde is en met Hom één is, as wat 'n mens se liggaam met hom één is. Die kerk is nie sonder Christus denkbaar nie, en ook Christus is nooit sonder sy kerk nie. Wat is nader aan 'n mens as sy liggaam? So is die kerk ook op die allerinnigste wyse aan Christus verbonde.

Herhaaldelik word Christus dan ook die Hoof van sy liggaam, die kerk genoem. Hy is daarmee self eintlik ook geteken as deel van sy liggaam, terwyl die kerk daarmee gesien word as deel van Christus. Christus regeer oor sy kerk, Hy versorg en vertroetel dit, Hy bewaar en lei dit. Dieselfde lewe wat in Hom is, klop ook in sy kerk. Die beeld van die wynstok en die ranke uit Johannes 15 wil eintlik dieselfde waarheid na vore bring. Soos dieselfde lewensap vloei deur die hele wynstok en al die lote vervul, so is dit dieselfde Gees wat in Christus as die Hoof en in sy kerk woon. Dieselfde Gees wat in Christus die krag was om op te staan uit die dood, maak ook die lede van sy liggaam lewend uit hulle geestelike dood en lyf hulle by Christus in (Efesiërs 1:19–20). So spreek ook die nagmaalsformulier daarvan dat één Gees Christus en sy lede vervul, en 1 Korintiërs 12:12–13 maak daarvan gewag dat Christus en die lede van sy liggaam met een Gees deurdronge is.

Die kerk is nie maar 'n menslike vereniging nie. Die kerk is nie maar 'n versameling van eenders-denkendes nie. Die kerk is die Gees-deurdronge, lewende liggaam van Christus waarin Hyself lewe. Wat 'n vreugde om die kerk só te mag sien ...!

Lees:

Efesiërs 1:7–23

DIE LIGGAAM EN SY LEDE

Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus (1 Korintiërs 12:12).

As die kerk die liggaam van Christus is, dan is die lede van die kerk ook die lede van Christus.

Ons teksvers stel dit so voor dat elke mens wat in Christus die verlossing van sy sondes deelagtig geword het, as 't ware in Christus ingeplant is en met Hom saamgegroeï het (vgl Romeine 6:5), sodat hy en Christus één is in so 'n sterk mate, dat hy 'n lid van Christus genoem kan word.

Inniger kan die band tussen Christus en die individuele gelowige nooit beskrywe word nie. Direk en persoonlik lewe elke ware lidmaat van die kerk uit Christus. Volledig en totaal is sy hele bestaan, met liggaam en siel, die eiendom van Christus. Dit heet dan ook in Efesiërs 5:30: “Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.” En elders: “Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie?” (1 Korintiërs 6:15).

Die Bybel wil ons dit duidelik laat verstaan dat elke lidmaat van die kerk ook 'n lidmaat van Jesus Christus self moet wees, wat met Hom in die allerinnigste verhouding staan. 'n Mens kan nie aan die kerk behoort, as jy nie ook aan Christus behoort nie, want die kerk is die liggaam van Christus en sy lede is die lede van Christus.

Die kerk op aarde moet alles in werking stel om hierdie saak duidelik te laat word. Dit is 'n dwaasheid as die kerk 'n groot sosiale liggaam wil wees wat maar almal insluit wat voorkom, sonder om die vraag te stel of hulle ook lede van Christus is. Lidmate van die kerk moet verstaan dat hulle by hulle openbare belydenis duidelik voor God en sy gemeente verklaar dat hulle deur die geloof in Christus ingeplant is en dus sy lede is.

Wat 'n krag sou die kerk nie in die wêreld gewees het as dit werklik gegeld het van elke lidmaat van die sigbare kerk nie!

Mag ons die vraag stel of dit van u persoonlik geld?

**8 Junie
12:1–13**

Lees: 1 Korintiërs

DIE KERK IS 'n LEËRMAG

Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus (2 Timoteus 2:3).

Die kerk is nie net die liggaam van Christus nie; die kerk is ook die strydbare leërmag van Jesus Christus.

Diegene wat Christus deur sy Woord en Gees uit die wêreld uitgeroep en byeen versamel het, vorm saam 'n leërmag wat opruk teen die magte van die koninkryk van die duisternis, om die koninkryk van God te vestig op elke terrein van die lewe.

Vandaar dat die Bybel so dikwels spreek van die stryd wat die gelowige moet stry (vgl 1 Timoteus 6:12), van die wapenrusting wat nodig is vir dié stryd (Efesiërs 6:10 e.v.) en dat ons tekswoorde die gelowige sonder meer 'n soldaat of krygsman noem.

Die kerk moet 'n heilsleer wees, 'n groep gespierde en sterk soldate wat bereid is om die vaandel van die koninkryk te dra, die saak van die Meester te verdedig, die duiwel en sy ganse ryk te bestry en alles in hierdie wêreld op te eis vir die heerskappy van Jesus Christus.

In die wedergeboorte word 'n mens deur die Heilige Gees gewerf tot 'n soldaat van Jesus Christus. Die kleed wat hy ontvang, is die wit-gewaste kleed van die Lam. Sy wapen is die Woord van God waarmee hy in die wêreld die stryd moet voer. Met hierdie “swaard van die Gees” in sy hand, moet hy sy getuienis lewer ter wille van die Naam van die Here.

Dit is moontlik om in die leer van Christus ook 'n droster te wees of 'n oorloper na die kamp van die vyand. Dit is selfs moontlik dat soldate van die ryk van die duisternis hulle kan gedra soos soldate van Christus en hulle kan voeg in sy leer, net om sover as moontlik die slaankrag van die kerk te verminder. Die kerk het na sy sigbare verskyningsvorm in hierdie wêreld altyd te kampe teen die liste van die duiwel wat graag in die leer van Christus talle soldate wil laat opneem wat eintlik ten diepste soldate van die duiwel is. Daarom te meer is dit vir die kerk so belangrik om alles te weer wat sy slaankrag in die wêreld kan verminder.

Begeer u ook om 'n “goeie krygsman” van Jesus Christus te wees?

DIE KERK IS DIE BRUID VAN CHRISTUS

Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam (Openbaring 19:9).

Reeds in die Ou Testament word die verhouding tussen God en sy volk dikwels voorgestel onder die beeld van die verhouding tussen 'n man en sy vrou. Vandaar dat afvalligheid van God in die Ou Testament (en dikwels in die Nuwe) hoerery genoem word. Dink maar aan die boek Hosea.

In die Nuwe Testament kom hierdie beeld veelvuldiglik voor om die verhouding van Christus tot sy gemeente te beskrywe. Hierop is die beeldspraak in die gelykenis van die vyf wyse en vyf dwase maagde gebaseer (Matteus 25:1–13), hierop rus Paulus se uitspraak dat hy die Korinthiërs aan een man verbind het, om hulle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel (2 Korintiërs 11:2), en hierop rus dit ook as hy sê dat die huwelik 'n groot verborgenheid is met die oog op Christus en die gemeente, omdat net soos man en vrou in die huwelik een vlees word, so ook Christus en sy gemeente (Efesiërs 5:28–32).

In die boek Openbaring keer hierdie beeldspraak veelvuldiglik terug. In Openbaring 19 word in 'n toekomsblik gesien dat die dag van die bruilof van die Lam (wat by die wederkoms plaasvind) aangebreek het. Solank die kerk nog op aarde lewe, is sy wel aan Christus verloof, maar die volle heerlikheid van die huwelik tree eers in by sy wederkoms. Die tydperk waarin die kerk moet wag op die huweliksdag, is die tydperk van versiering, net soos elke bruid haarself gereedmaak en vernier vir die huweliksdag. Vreeslik is dit as die bruid intussen tog nog met ander mans flankeer! Enige regskepe bruid sien met sterk verlange uit na die dag van die huwelik, en so behoort ook die kerk te lewe vir die wederkoms!

Omdat die bruid van Christus nie uit één persoon nie, maar uit talle bestaan, is dit ook talle mense wat genooi (eintlik: gevra, geroep) word na die bruilof van die Lam. Dit is die verlostes, die lede van die kerk. Reeds nou al, nog voor die volle saligheid van die bruilofsdag, en die bruilofsmaal, is elkeen wat kragdadiglik deur die werking van die Gees van God geroep is, salig. Eers dán breek egter die volle vreugde aan!

**10 Junie
19:1–10**

Lees: Openbaring

DIE KERK WORD VERSAMEL IN DIE OU- EN DIE NUWE VERBOND

En rondom die troon was daar vier-en-twintig trone, en op die trone het ek die vier-en-twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere (Openbaring 4:4).

Christus versamel sy kerk deur die werking van sy Gees en Woord om sy liggaam te wees, sy bruid, sy leërmag, sy geestelike gebou. Dit het reeds begin in die Paradys waar God met sy genadige beloftes die vluggende mens opgesoek het, en dit sal voortduur totdat die laaste uitverkorene ingesamel is met die wederkoms van Christus. Daarom was die kerk daar van die begin van die wêreld af en sal dit daar wees tot die einde toe.

In die gedeelte wat ons vandag lees, word hierdie waarheid op 'n besondere manier uitgedruk deur ons die simboliese voorstelling van die vier-en-twintig ouderlinge voor te hou. Vier-en-twintig is 2 x 12. Die eerste twaalf ouderlinge verteenwoordig die kerk onder die Ou Verbond (dink aan die twaalf stamme van Israel), en die tweede twaalf verteenwoordig die kerk onder die Nuwe Verbond (dink aan die twaalf apostels). Die kerk onder die Ou Verbond is hoofsaaklik versamel uit die twaalf stamme van Israel; die kerk onder die nuwe Verbond het gegroei uit die getuïenis en arbeid van die twaalf apostels en is gebou op die fondament van die apostels (Efesiërs 2:20).

Inderdaad, die kerk omspan die geskiedenis van die wêreld. Hebreërs 11 laat ons 'n klein gedeelte sien van die geloofshelde uit die kerk van die Ou Verbond. Ook hulle het nie anders salig geword as deur die geloof in die Een wat sou kom om hulle skuld weg te neem nie. En ontelbaar veel sal die name wees wat met die bloed van Christus geskrywe sal wees uit Ou en Nuwe Verbond te same in die Boek van die Lewe van die Lam (Openbaring 13:8). Hulle sal, soos in die teks hierbo staan, versamel wees rondom die troon van die Lam. Die hemelse heerlikheid is hulle ewige deel. Daar staan hulle, bekleed met wit klere, omdat hulle van alle smet gewas is in die bloed van die Lam. Nog maar een taak het hulle om te doen: die aanbidding en lofprysing van Hom wat op die troon sit (Openbaring 4:10–11).

Heerlik om te weet dat ook óns dáár sal wees ...

11 Junie

Lees: Openbaring 4

DIE KERK IS ÉÉN EN ALGEMEEN

Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie ... (Openbaring 5:9).

Die kerk van Christus bestaan uit alle mense wat gewas is in die bloed van die Lam.

Dit maak nie saak aan watter stam of taal of volk of nasie 'n mens behoort nie, maar as hy gewas is in die bloed van die Lam, dan is hy vir God gekoop, dan is hy lid van die liggaam van Christus, lid van die bruid van Christus, 'n lewende steen in die gebou van God, 'n soldaat in die leer van Christus.

In hierdie sin is die kerk van Christus *algemeen*: dit omvat alle mense, van watter stam of taal of nasie, van watter ras of kleur, van watter stand of aansien hulle ook in die aardse gebroke werklikheid mag wees. Die kerk is nie iets vir hierdie of daardie kliek of stand of wêrelddeel of tydperk nie. Die boodskap van heil is bedoel vir alle mense. Wie in sy hart heimlik 'n veragting omdra vir mense van 'n ander ras of kleur of taal, pas nie in die atmosfeer van die kerk nie.

Die kerk van Christus is dan ook wesenlik één. Geestelik *is* dit so dat almal wat in Christus Jesus is, lede is van sy een liggaam. Geestelik gesien is daar in die kerk nie meer Jood of Griek. slaaf of vryman nie, want Christus is alles en in almal (Galasiërs 3.28). Watter uiterlike verskille daar ookal mag wees tussen die verskillende individue en groepe Christene, in Christus is hulle almal één. Enige gelowige wat u ontmoet, al behoort hy ook aan watter kerk of kerkie of sekte, al behoort hy ook aan watter volk, is u broeder – as hy waarlik in Christus is!

Wat in geestelike sin waar is, moet sover as wat dit in hierdie gebroke werklikheid moontlik is, ook in sigbare gestalte openbaar word. Ons mag nooit daarmee genoë neem dat die een liggaam van Christus in hierdie wêreld so verskeurd na vore tree en die verskillende dele van die liggaam mekaar so hard as moontlik beveg nie!

12 Junie

Lees: Openbaring 5

DIE KERK IS CHRISTELIK EN HEILIG

... aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges ... (I Korintiërs 1:2).

Ons het op die eerste dag van Junie hierdie selfde teks oordink, maar toe het ons veral stilgestaan by die gedagte dat die kerk die vergadering is van *geroepenes*. Vandag wil ons veral daarop let dat die kerk in die Skrif so dikwels heilig genoem word, en dat in hierdie teksvers en so dikwels op ander plekke, ook die lidmate van die kerk heilig genoem word.

Wat beteken dit? Wil dit se dat al die lidmate van die kerk volmaak en sonder enige sonde is? Dit kan tog nooit wees wat die kerk wil voorgee om te wees nie! Ons ken tog die kerk en sy lidmate daarvoor te goed!

Nee, dit is nie wat die woord *heilig* in die Nuwe Testament beteken nie. Heilig beteken in die Nuwe Testament deurgaans: gewas in die bloed van die Lam. Alle gelowiges is heiliges, omdat dit van hulle almal geld dat Christus vir hulle sondes gesterwe het en dat sy geregtigheid en heiligheid hulle toegereken en geskenk word, ook al is hulle in hulself nog so onrein en onheilig.

In dié sin is die kerk heilig. Dit is heilig, omdat die versoening van Christus vir sy liggaam geld, omdat sy heiliges deur God aan die kerk geskenk is. Deur sy Gees woon Hy nou ook in die kerk en is Hy daagliks besig om die kerk daartoe te lei om meer en meer te gaan lewe in ooreenstemming met die heiligheid wat hom in Christus geskenk is en meer en meer die sonde af te lê.

Die kerk kan dan ook alleen heilig wees omdat dit Christelik is, dit wil sê: omdat die kerk in Christus Jesus is deur die geloof. Die woord Christelik beteken in sy volle heerlike sin: dit wat in Christus is en aan Hom behoort. Die kerk is Christelik omdat dit in Christus die verlossing deelagtig is, uit Hom lewe en met Hom verenig is. Die kerk is Christelik, omdat die lewende Christus self die diepste geheim van die bestaan en lewe van die kerk is.

13 Junie
7

Lees: 1 Korintiërs 1:1–9 en Romeine 1:1–

DIE KERK IS DIE GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES

Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde (I Johannes 1:7).

Die kerk is die vergadering van hulle wat deur die geloof in Christus ingeplant is en deel aan Homself en sy lewe gekry het. Daarom heet die kerk reeds in dié sin: die gemeenskap of vergadering van die heiliges.

Maar die kerk kan ook nog in 'n ander sin die gemeenskap van die heiliges heet, in die sin nl. dat die klem gelê word op die woord *gemeenskap*. Die lewe in die kerk is 'n lewe van gemeenskap. Indien die lede van die kerk waarlik lede van Christus is, dan is hulle ook lede van die liggaam van Christus, en dan is hulle ook aan mekaar in die allerdiepste sin verbonde.

Almal wat gemeenskap aan Christus het, het vanself ook gemeenskap met mekaar. Wie werklik in die lig wandel soos God in die lig is, sê ons tekswoord, moet gemeenskap smaak met al die ander wat in Gods lig wandel.

Paulus spreek oor die kerk as die liggaam van Christus en die gelowiges as lede van mekaar (vgl Romeine 12:5). Soos wat die lede in 'n organisme met mekaar verbind is en op mekaar aangewys is, so is die gelowiges ook op mekaar aangewys, vir mekaar verantwoordelik en van mekaar afhanklik (vgl I Korintiërs 12:12 en volgende). Omdat dieselfde Christus deur sy Gees in al die lede woon, word hulle saamgesnoer tot 'n lewende gemeenskap waarin die een die ander kan dien en opbou, vermaan en vertroos, ondersteun en bemoedig. Deur die liefde van God wat in hulle harte uitgestort is, is hulle onderling só verbonde, dat hulle in staat is om mekaar se laste te dra, met mekaar te deel in vreugde en fees en met mekaar te stry teen die sonde.

Dit is vandag seker die grootste nood van die kerk dat ons die besef van onderlinge gemeenskap in so 'n groot mate kwytgeraak het. Ons verstaan nie meer wat dit is om mekaar te dra deur die liefde nie. Lede van die liggaam van Christus verag en haat mekaar, beveg en beskimp mekaar.

Bid tog vandag dat die liefde van God u hart mag vervul, sodat u werklik sal kan wandel waardig die gemeenskap van die heiliges!

14 Junie

Lees: I Johannes 1:1–8

CHRISTUS VERSAMEL DIE KERK DEUR DIE DIENS VAN MENSE

Hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? (Romeine 10:14).

Christus vergader sy kerk deur sy Woord en Gees om die één, algemene Christelike kerk te wees, die gemeenskap van die heiliges, die bruid en liggaam van Christus, die gebou van God, die leërmag van Jesus Christus.

By hierdie versamel-arbeid maak Christus egter gebruik van die diens van mense. Dit is die Woord van God wat mense uit die dood tot die lewe roep, en dit is die Gees van God wat die Woord kragtig maak om die lewe te voorskyn te roep, maar die mens word gebruik deur God om die draer te wees van hierdie heerlike Woord. Wat 'n eer doen God die mens aan, dat Hy hom wil gebruik om sy Woord uit te dra in die wêreld en almal in te samel wat die liggaam van Christus uitmaak! God kon ook sonder die diens van mense sy kinders in 'n oogwink deur die direkte werking van die Heilige Gees tot volmaaktheid gebring het, maar Hy het verkies om dit te doen deur die diens van mense wat self swak en feilbaar is. God eer die mens so hoog, dat Hy die tong en die mond en die stem van die mens wil heilig en gebruik in sy diens. Daarom stel ons teksvers die noodsaaklikheid dat daar diegene sal wees wat sal preek, sodat andere deur die prediking tot die geloof kan kom en gered kan word.

Dit is vanuit hierdie noodsaaklikheid van die verkondiging van die Woord dat daar in die kerk ook 'n noodsaaklikheid is vir kerklike ampte. Die apostel Paulus beklemtoon dit in sy briewe dat Christus self in die gemeente apostels, profete, herders en leraars gestel het (1 Korintiërs 12:28 en Efesiërs 4:11). Deur die arbeid van hierdie ampte word die Woord in die wêreld verkondig en word mense opgeroep om Christus in die geloof te omhels. Die Heilige Gees eer hulle arbeid deur sorg te dra vir die oortuigingswerk in die harte van vele teenoor wie hulle van Christus getuig. So ontstaan en groei die kerk ook as sigbare gemeenskap van mense wat in die wêreld optree. Hoeveel moet ons nie bid vir die dienswerk van die ampsdraers nie!

15 Junie

Lees: Romeine 10:9–15

CHRISTUS BOU SY KERK OP DEUR DIE DIENS VAN MENSE

En Hy het sommige gegee as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus (Efesiërs 4:11–12).

Die kerk is 'n leërmag. Maar êrens moet daar 'n kamp wees waar die soldate geoefen en gevorm kan word. Dit is die kerk as sigbare organisasie met sy kerklike ampte wat die Woord van God moet verkondig tot opbou van die gelowiges.

Die kerk is die bruid van Christus. Maar die bruid moet toegerus en versier word. Dit geskied deur die diens van die Woord in die kerk as instituut, as sigbare organisasie, waar daar predikante en ander ampsdraers staan om deur hulle diens die gelowiges toe te rus en op te bou.

Deur die vermaninge, tereg wysinge, vertroostinge en beloftes van die Woord van God alleen kan 'n gelowige opgebou en versterk word. Die Woord laat ons God sien en leer ons Hom ken soos Hy Homself aan ons geopenbaar het. Dit bind ons al meer aan Hom vas. Ons geloof groei. Ons sien altyd meer en meer ons eie sonde en altyd meer en meer die genade van God. Ons leer hoe langer hoe meer om van onself af te sien en Christus alleen te omhels. Ons leer hoe langer hoe meer wat dit beteken dat elke lid van die liggaam van Christus 'n bepaalde dienswerk het om te verrig, en ons word toegerus om daardie dienswerk te kan verrig.

Dit alles doen die Woord van God aan ons. Maar daardie Woord moet tot ons gebring word deur die diens van mense. Soms moet dit baie konkreet gebring word, deur die vermaning en die bestawing van die kerklike tug. Soms moet dit by ons aan huis verkondig word, by huisbesoek, op die siekbed, by die sterfbed. En altyd wil Christus die diens van mense daarvoor gebruik.

Agter hierdie mense staan Christus. Eintlik is Hy die enigste ampsdraer, die enigste Gesalfde-tot-die-amp in die kerk, maar Hy laat ons tog deel in sy salwing. Hy preek tot ons deur die mond van mense. Hy bou ons op deur die swakke diens van hulle wat daartoe geroep is. Wat 'n beskamende genade!

16 Junie

Lees: Efesiërs 4:1–16

DIE KERK IS 'n SIGBARE ORGANISASIE

Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente hou ... En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees (Matteus 16:18–19).

Daar is 'n opsig waarin die kerk onsigbaar genoem kan word. Die kerk kan naamlik onsigbaar heet in sover as wat dit alleen by God bekend is wie waarlik 'n gelowige is, en watter lidmate wat uiterlik aan die kerk behoort, ook innerlik tot die liggaam van Christus behoort, deel is van sy bruid en soldate in sy leërmag. Maar al is die kerk in hierdie opsig “onsigbaar”, as grootheid wat in hierdie wêreld optree, is dit sigbaar en tasbaar, is dit 'n organisasie of instituut. Almal wat bely dat hulle in Christus glo, moet saamgesluit word in 'n sigbare organisasie wat ten doel het om die Woord aan hulle te verkondig, die sakramente na die instelling van Christus te bedien en die kerklike tug te handhaaf. Op dié wyse word hulle opgebou in hulle geloof en gereed gemaak vir hulle getuieis in die wêreld. Die sigbare organisasie het net één doel, en dit is die opbouing van die gelowiges deur middel van die genoemde drie middele. Waar dit geskied, beantwoord die kerk as instituut aan sy doel.

Christus het self die sigbare organisasie van die kerk gewil. Nie alleen het Hy vir Hom 'n kring van dissipels uitgekies wat tot taak gehad het om die Woord uit te dra na die wyer kring van volgelinge wat om Hom vergader het nie, maar Hy het ook aan Petrus en die ander apostels die sleutelmag toevertrou, soos dit in die woord van ons teks en Matteus 18:18 duidelik blyk. Onder die sleutelmag word verstaan die bevoegdheid om die Woord van God met gesag te verkondig, om maatreëls te tref vir die doeltreffende organisasie van die kerk en om die tug te handhaaf (vgl veral Matteus 18). Waar dit alles kan gebeur, dáár is reeds 'n organisasie met 'n definitiewe gesag wat in die Naam van die Here die leiding in die kerk neem. Vandaar dat Christus ook sy dissipels beveel het om die evangelie te verkondig aan alle mense en die sakramente te bedien. Die organisasie van die kerk is nie iets willekeurig nie: dit vloei uit die instelling van Christus. Wie afkerig is van die kerk as sigbare organisasie, is ondankbaar en verag die instelling van God wat tot sy heil bedoel is.

17 Junie
23

Lees: Matteus 16:13–

DIE KERK IS ONS MOEDER

Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal (Galasiërs 4:26).

Die aardse Jerusalem was die sentrum van die godsdienstige lewe van die kerk in die Ou Verbond, omdat die tempel daar gestaan het en die gemeente daar vergader het. Vandaar dat dit die sinnebeeld is van die kerk as sodanig. Wanneer Paulus hier spreek van “Jerusalem daarbo”, dan bedoel hy daarmee die kerk soos dit sy oorsprong het in die hemelse genade en soos dit ontstaan het uit die geboorte “van bo”, die wedergeboorte.

Die kerk nou, se Paulus, is ons moeder.

Daarmee word bedoel dat God, wat die Vader van die gelowiges is, hulle verwek in die skoot van die kerk as hulle moeder. God het aan die kerk die genademiddele toevertrou, en deur die krag van die Heilige Gees dien daardie genademiddele daartoe om die wedergeboorte in die harte van mense te bewerk, om die geloof in hulle te versterk, om hulle op te voed in die diens van God en om hulle te bring tot die grootte van ’n volwasse man in Christus Jesus. Die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente is die middele waardeur God in sy genade sy gelowiges wil red, bewaar en versterk. En hierdie middele word aan die gelowiges bedien deur die kerk as moeder van ons almal.

Met tere sorg en liefde moet die kerk as moeder waak oor die geestelike belange van haar kinders. In die vermaning en tug, in die pastorale sorg en sielsorg beskerm sy hulle teen die gevare wat hulle bedreig. In die bediening van die genademiddele, in die katkisasie en die huisbesoek, in die krankebesoek en diens van barmhartigheid voed en troos sy hulle soos ’n moeder alleen haar kinders aan haar boesem kan voed en troos.

Vir hulle wie se Vader God is, is die kerk ’n moeder, en elkeen wat weier om ’n kind van die kerk te wees, begeer tevergeefs om God tot ’n Vader te hê (Calvyn).

Met diepe dankbaarheid is ons teenoor God vervul vir die geestelike moeder wat Hy ons gegee het in die kerk waaraan ons behoort. Diepe lojaliteit en trou is inderdaad wat ons teenoor ons geestelike moeder verskuldig is!

DIE KERK MOET DIE WOORD VERKONDIG

Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus ... verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig; weêrlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering ... (2 Timoteus 4:1–2).

Omdat Christus sy kerk versamel deur sy Gees en Woord, en die kerk die heerlike taak ontvang om die Woord te mag predik waardeur Christus sy lidmate wil insamel, is dit die hoogste roeping van die kerk om slegs die Woord van God te verkondig. Alle aktiwiteite van die kerk as sigbare organisasie moet daarop bereken wees om die Woord van God sy vrye loop in die gemeente en in die wêreld te laat hê. Alle diens in die kerk is diens aan die Woord.

Daarom moet die prediking van die Woord so 'n groot rol speel in die lewe van die kerk. Die eredienste met die verkondiging van die Woord as die sentrale aksie wat die erediens beheers, is 'n basiese bestanddeel van die gemeentelike lewe. Daarsonder kan die gemeente nooit gesond wees en groei nie.

Die prediking van die Woord is egter nie beperk tot die erediens nie. Dit geskied ook op huisbesoek waar die Woord van God 'n prominente plek moet inneem. Huisbesoek wat niks anders is as 'n sosiale besoekie nie, is geen huisbesoek nie. Huisbesoek behoort die verkondiging van die Woord te wees in die private huise en toegepas op die konkrete lewens van die lidmate.

Maar die Woord word ook verkondig by geleentheid van die kerkisasie. Aan die jong, onvolwasse lidmate van die gemeente moet die waarhede van die Woord in so 'n mate verkondig word dat hulle in die geloof daarvan besit kan neem en dit hulle eie geloofsoortuiging kan maak.

Paulus vermaan Timoteus om tydig en ontydig met die verkondiging van die Woord voort te gaan. Die kerk se prediking mag nooit swyg nie. Die getuienis van Jesus Christus moet voortdurend opstyg, al is dit in die vorm van weerlegging, bestraffing, vermaning en lering. As moeder van die gelowiges moet die kerk vir elke geleentheid die juiste woord besit om die gelowiges op te voed, te waarsku, te beskerm en op te bou.

Waar die prediking van die Woord die vernaamste taak van die kerk is, is dit seker gepas dat u uself afvra of u genoeg daarvoor bid.

**19 Junie
4:5**

Lees: 2 Timoteus 3:10–

DIE KERK MOET DIE WOORD SUIWER PREEK

Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig word, nie na die mens is nie, want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus ... (Galasiërs 1:11–12).

Die kerk mag in sy prediking nooit vergeet dat dit gaan om 'n saak van lewe en dood nie. Daarom mag die kerk nie 'n evangelie verkondig wat nie absoluut die ewige evangelie van Jesus Christus is nie.

Elke preek moet 'n preek wees vanuit die sekerheid: So spreek die Here! Die werklikheid waarom dit in die prediking gaan, is te geweldig dat 'n mens dit mag vertroebel met allerlei menslike mooiheidjies en verhaaltjies en vertroostinkies. Die prediker moet die kansel bestyg met die oortuiging dat die Woord wat hy verkondig, niks minder en niks meer is nie as presies wat die Heilige Gees bedoel het om aan die gemeente te sê toe daardie bepaalde gedeelte waaroor die preek gaan, deur die Gees geïnspireer is. In dodelike erns moet die kerk daarvan oortuig wees dat sy evangelie wat hy verkondig, die waarheid is wat selfs nie eers deur 'n engel uit die hemel betwis mag word nie, omdat dit 'n boodskap is wat nie na die mens is nie, en nie uit vlees en bloed of menslike wysheid opkom nie, maar “ontvang” is uit die openbaring van Jesus Christus self.

Die kerk mag nooit 'n evangelie verkondig wat na die mens is nie, dws na die smaak en begeertes van die mens. Die mens soek altyd na 'n evangelie wat by sy vlees aanpas, by sy verstand, by sy begrip, by sy ongelowige hart, by sy onbekeerlikheid. As die kerk hieraan toegee, ontstaan vrysinnigheid en dwaling, kettery en vervalsing van die Woord. Die mens soek verder graag na 'n prediking wat sy gehoor kan streel. As die kerk hieraan toegee, skik die prediker hom na sy hoorders se smaak in plaas daarvan dat hy buig voor die Woord alleen.

Daarom is dit so noodsaaklik dat die kerk steeds leertug sal handhaaf en daarvoor sorg sal dra dat sy prediking suiwer is. As die kerk dit verwaarloos, speel hy met sy eie lewe.

20 Junie

Lees: Galasiërs 1:6–24

DIE KERK MOET DIE WOORD ONVERSKROKKE PREEK

**Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie ...
(Lukas 12:4).**

Die kerk se grootste gevaar is mensevrees. Altyd maar weer is daar die neiging by die kerk om die Woord van God sodanig af te water dat die wêreld so min as moontlik daaraan aanstoot sal neem. Indien die kerk die Woord met onverskrokkenheid en eerlikheid onverkort in die wêreld verkondig, kan ons verwag dat daar reaksie sal kom, vervolging, haat en teenkanting. Daarvoor mag die kerk egter nie vrees nie. Hoogstens kan die wêreld die liggaam doodmaak. Daarvoor behoort die kerk nie sodanig bevrees te wees dat hy bereid is om ongehoorsaam te word aan die opdrag van God nie. Veeleer behoort die kerk steeds die moed te hê om soos Stéfanus in die aangesig van die dood nog die waarheid onverskrokke te verkondig, en soos Paulus die goeie getuienis tot in die gevangenes en in die aangesig van die dood vas te hou.

Nie slegs teenoor die wêreld is dit noodsaaklik om die Woord onverskrokke te preek nie: ook in die kerk is daar soveel vleeslikheid dat die onverkorte prediking van die Woord altyd weer verset sal uitlok. Graag wil ons mense maar altyd dat die prediking so loom en lou sal wees, dat hulle met hulle sondes kan voortgaan tussen al die kerkdienste deur. Die vlees wat ook nog in die kerkmens skuil, háát die waarheid ewe goed as wat die wêreld dit haat. Ook daarvoor moet 'n leraar nie vrees nie. Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, en die wêreldse gesindheid van die lidmate van die kerk in sy prediking wil konsidereer, word 'n vyand van God. Die duiwel is met hom tevrede, maar die Gees word bedroef.

Ook teenoor die staat moet die kerk die Woord onverskrokke verkondig. Die kerk as instituut moet hom as sodanig nie met die politiek inlaat nie, maar die kerk mag tog in sy prediking nie daarvan afsien om die gewete van die volk op te skerp om te wandel in die lig van die Woord nie. Daarom sal kritiek ook soms nodig wees as die staat fouteer en die volk verkeerd lei. As die kerk dit verwaarloos, versaak hy sy roeping. Natuurlik moet hier fyn onderskei word. Hoe geweldig het die kerk tog die voorbidding van elke lidmaat nodig!

21 Junie

Lees: Lukas 12:4–12

DIE KERK MOET DIE SAKRAMENTE BEDIEN

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees... (Matteus 28:19).

Die kerk het dit as sy eerste en vernaamste taak om die evangelie van Jesus Christus suiwer en onverskrokke in hierdie wêreld te verkondig, want dit is deur die gepredikte woord dat Jesus Christus sy gemeen te byeen wil roep. Maar aan die prediking van die Woord is daar vir die kerk altyd 'n tweede taak verbonde: die bediening van die sakramente. Dit is nie twee wesensverskillende take nie. Die sakramente is niks anders as die sigbare woord nie: enersyds is dit aanskoulike onderwys, waarin sigbaar afgebeeld word wat reeds in die Woordverkondiging belowe is; andersyds is dit die sigbare waarborg wat die gelowige ontvang dat die beloftes op hom van toepassing is en vir hom onomwonde geld. Daarom gaan hierdie tweërlei arbeid van die kerk altyd saam. Waar die woord werklik gehoor en geglo word, dáár moet die kerk die sakramente bedien tot versterking van die geloof van sy lidmate.

In bostaande teks gee Christus aan sy apostels die duidelike opdrag tot die bediening van die doop. Uit die hele instelling van die Nagmaal en ook uit 'n teks soos 1 Korintiërs 11:25 is dit duidelik dat Christus bedoel het dat die kerk sal voortgaan daarmee om die Nagmaal te bedien. Slegs van hierdie twee sakramente vermeld die Skrif dat hulle deur Christus ingestel is en dat Hy bedoel het dat hulle deur die kerk bedien sou word. Dit is 'n dwaasheid om allerlei ander dinge, soos bv. dat Christus die kindertjies geseën het (Matteus 19), ook in die kerk te onderhou sonder enige opdrag hoegenaamd van Christus in hierdie verband.

God het ons so goed geken. Hy weet dat ons mense iets beter vat en onthou as ons dit nie net *hoor* nie, maar ook *sien* en *tas*. Daarom het Hy dit aan die kerk, ons moeder, opgedra om ons ook te voed en te versterk met die geestelike voedsel wat in die sakramente ons deel word.

Daar bestaan 'n groot gevaar dat ons die waarde van die sakramente kan onderskat en dat dit vir ons kan word tot blote kerklike seremonies. Wie egter die volle betekenis van die sakramente begryp, sal hulle nooit wil ontbeer nie.

KERK, DOOP EN VERBOND

Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep (Handelinge 2:39).

Toe God Noag wou red uit die sondvloed, het Hy saam met hom ook sy vrou en huisgesin gered. Toe God Lot wou red uit Sodom, het Hy saam met hom ook sy vrou en kinders en selfs sy skoonseuns die geleentheid gegee om aan die vloek te ontkom as hulle wou luister. So werk God altyd met die mensdom in sy organiese verbonde, nie soos met 'n klomp los albasters nie. Saam met gelowige ouers wil God ook hul kinders in genade aansien, terwyl die kinders van goddelose ouers heel dikwels gelaat word op die weg van goddeloosheid wat die ouers gekies het.

As God sy verbond met Abraham maak, dan verklaar Hy uitdruklik dat Hy Homself verbind om vir Abraham 'n God te wees en vir sy nageslag ná hom (Gen. 17:17), en die besnydenis wat aan die klein kindertjies bedien is, was die teken en seël van hierdie genade van God wat Hy in die lyn van die geslagte aan die nageslag van Abraham wou skenk. In die Nuwe Testament word dit as vanselfsprekend aanvaar dat die kinders van gelowige ouers heilig is, d.w.s. deur die bloed van Christus toegedek is (1 Korintiërs 7:14). Tot die verbond van God behoort dus steeds weer die gelowiges en hulle kinders. En waar die doop in die Nuwe Testament dieselfde genadegawes as die besnydenis in die Oue afbeeld en verseker, en dus ook teken van die verbond is, word in die Nuwe Testament ook die kinders gedoop (vgl die geval van vyf *gesinne* wat gedoop is: Handelinge 16:15, 33, 1 Korintiërs 1:16, Handelinge 18:8, Handelinge 10:48). Die belofte van die Heilige Gees, wat by uitnemendheid aan die Nuwe Verbond vasgekoppel is (Eseg. 36:27), word in die teks wat hierbo genoem word, spesifiek genoem 'n belofte wat, náás die gelowiges, óók vir hulle kinders bedoel is, sowel as vir diegene wat voorlopig nog buite die verbond staan, die wat ver is, en eers deur die Sendingprediking na Christus geroep moet word. Die kinders van die gelowiges is reeds in die verbond en is bedek onder die bloed van Christus, hoort dus by die kerk en mag dus gedoop word.

As Christus sy kerk versamel deur sy Woord en Gees, dan roep Hy, Goddank, nie net die wat ver is nie: Hy begin hier naby, by ons wat gebore is in die kerk. Halleluja!

**23 Junie
2:37–47**

Lees: Handelinge

DIE KERK EN DIE VERSEKERING VAN DIE NAGMAAL

En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood ... en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, gee dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit (Matteus 26:26–27).

Die nagmaal is nie bedoel vir alle mense nie: dit is bedoel vir die intieme kring van dissipels van Christus wat rondom Hom vergader is. Selfs Judas ontbreek op hierdie oomblik in die oppersaal (Johannes 13:30).

Dit is bedoel om aan hierdie kring van gelowiges die sigbare teken te gee, en daaraan die versekering vas te heg, dat Christus vir hulle die ewige lewe in sy bloed verwerf het, en dat Hy dit aan hulle geskenk het met die vergiffenis van al hulle sonde.

Daarom gee Hy aan hulle die tekens van brood en wyn, en Hy dui telkens aan dat daardie tekens Homself aandui, sy liggaam en bloed, soos dit gebreek en uitgestort word tot 'n volkome versoening oor al hulle sonde. Saam met die tekens gee Hy Homself met alles waarvoor sy bloed staan, met alles waarvoor sy gebroke liggaam aan die kruishout verbreek is.

En dan sê Hy: Neem dit. Eet dit. Drink dit. Eien dit vir julle toe. Eien myself vir julle toe met alles wat Ek het om aan 'n sondaar te gee! glo dat wat Ek aan die kruishout verwerf het, ook jou persoonlike deel is!

Wonderlike genade! Hoe vertroos en versterk die Heiland op hierdie wyse sy kerk! Telkens weer wanneer ons om die nagmaalstafel vergader is, ontvang ons opnuut die versekering dat die beloftes van heil wat in die doop aan ons geskenk is, in Christus vir ons ja en amen is. Die verbond word weer vernuwe. Ons het afgedwaal, maar daar by die nagmaal word ons weer verseker dat God ons nogtans in genade wil aansien, al ons sondes wil vergewe, ja: vergewe het, en dat ons die weg verder mag aanpak in vaste vertroue op sy onfeilbare trou en guns.

Die nagmaal is die sakrament van die voeding van die geestelike lewe van die gelowiges. Die kerk as moeder gee dit in Naam van Christus aan haar kinders. Wie die nagmaal verwaarloos, moet geestelik verhongers en mis dikwels die heerlike versekering wat die nagmaal ons telkens weer wil bied.

**24 Junie
30**

Lees: Matteus 26:17–

DIE KERK MOET DIE TUG HANDHAAF

Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus (Galasiërs 6:2).

Van watter laste hier sprake is, word duidelik as ons die eerste versie ook lees. Daar word gespreek van een of ander misdaad waardeur iemand oorval kan word, en waarin hy dan nie alleen gelaat moet word nie, maar waarin die gelowiges hom moet help deur hom te vermaan. Ons dra mekaar se laste eers wanneer ons bereid is om ook mekaar se sondelaste te dra, vir mekaar verantwoordelikheid te neem óók wat ons mistastinge en struikelinge betref, en mekaar daaruit op te help.

Christus het in Matteus 18:15 ook hierdie weg aangewys. Ons is elkeen ons broeder se wagter, en ons broeder is weer ons s'n. Die kerk is die liggaam van Christus, waarin elke lid verantwoordelikheid moet neem vir die ander. As één lid ly, ly al die lede saam; as één lid geëer word, is al die lede saam bly. Die liefde eis dit van ons dat ons vir mekaar se geestelike lewe verantwoordelikheid moet neem. Wie sy broeder waarlik liefhet, sal hom nie beskinder wanneer hy in een of ander sonde val nie, maar hom in die gees van sagmoedigheid reghelp: dit is die liefde wat die vervulling is van die wet.

Die *onderlinge vermaning van die gelowiges* is die vernaamste vorm van tug wat in die kerk toegepas moet word. Dit mag egter blyk dat hierdie onderlinge vermaning in sommige gevalle nie die sondaar terug-roep tot gehoorsaamheid aan Christus nie, en dan is dit noodsaaklik dat die tug op 'n meer amptelike en openlike vlak sal plaasvind. Dan het die tyd aangebreek om die sonde van die broeder of suster onder die aandag van die gemeente (die kerkraad) te bring (vgl Matteus 17), waarna die offisiële stappe van die kerklike tug moet volg: vermaning deur die kerkraad, afhouding van die nagmaal en uiteindelik selfs afsnyding van die gemeente as die lidmaat hom nie voor die tyd bekeer nie.

As die kerk die tug verwaarloos, kan die kerk nie meer ons moeder wees nie. Die sakramente word dan onheiligh, die erns van die prediking verslap, die verantwoordelikheid vir die lidmate verdwyn. Ware erns met Gods Woord eis die tug. Ware liefde vir Gods kinders doen dieselfde!

DIE KERK IS GEROEP TOT EVANGELISASIE

Of watter vrou wat tien pennings het, as sy een penning verloor, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? (Lukas 15:8).

Die kerk kan nooit ten volle moeder van die gelowiges wees, ja kan in der waarheid nooit werklik kerk wees, as die bediening van die Woord en die sakramente en die handhawing van die tug nie suiwer bewaar word na die instelling van Christus nie. Net so waar is dit egter dat die kerk ook eintlik ophou om kerk te wees as hy geen verantwoordelikheid besef teenoor diegene wat afgedwaal het en diegene wat buite is nie. 'n Kerk sonder 'n evangelisasie-aksie is geen ware kerk nie, want 'n kerk wat nie die nood van siele wat verlore gaan, meer voel nie, kan geen moeder vir die gelowiges wees nie.

In sy evangelisasie-aksie rig die kerk hom tot diegene wat een maal aan die kerk behoort het of van die kerk was, maar nou totaal van die kerk en die verbond van God verval het. Daar is tienduisende sulke mense selfs in ons land. Dit is die pennings wat een maal in die besit van die vrou (die kerk) was, maar nou uit haar hand uitgerol het en êrens onder die stof beland het.

Watter vrou sal nie onder dergelike omstandighede alles wil beweeg om die verlore geldstuk terug te kry nie? Sy is nie daarmee tevrede dat sy darem nog nege ander besit nie! Sy steek 'n lamp op, sy vee en soek, sy doen alles met die grootste sorgvuldigheid, want wat oorspronklik aan haar behoort het, kan sy nie maar sommer so uit die hand laat glip nie. Alle moontlike metodes wat daarin kan meehelp om haar die penning weer te laat vind, sal sy wil aanwend om dit terug te vind.

So is dit ook met die bruid van Christus, die kerk. Met die grootste bewoënheid en met die inspanning van alle kragte moet die kerk soek na die afgedwaaldes en vervallenes. En hierin is die aktiwiteit van elke afsonderlike gelowige onontbeerlik. Deur die persoonlike getuienis van elke lidmaat, deur die verskerpte prediking, deur veldtogte en deur watter ander middel nog meer, moet hierdie mense opgesoek word en weer eens ingebring word in die kerk van Jesus Christus.

Help u ook hierin mee? Bid u ooit vir die taak?

26 Junie

Lees: Lukas 15:1–10

DIE KERK MOET LÉÉF VIR DIE SENDING

Want die dwang is my opgelê, en wee my as ek die evangelie nie verkondig nie! (I Korintiërs 9:16).

So min as wat die kerk, kerk kan wees sonder om die nood van siele te besef en sonder om uit te gaan na die afgedwaaldes uit eie kring, so min kan die kerk werklik kerk wees sonder om sendingwerk te doen. Dit is wel waar dat die kerk in eerste instansie dáár is ter wille van God, maar in die tweede instansie is die kerk dan tog nog altyd dáár ter wille van die wêreld en die redding van die wêreld. Kerk en sending is dus onafskeibaar verbonde. Die kerk moet lééf vir die sending, anders verbeur die kerk die heerlikste voorregte van sy bestaan.

Die kerk het nie 'n keuse of hy die evangelie aan die heidene wil verkondig of nie. Die dwang is die kerk eenvoudig opgelê soos wat dit vir die apostel Paulus opgelê was. En ook van die kerk geld dit: Wee my as ek die evangelie (aan die heidene) nie verkondig nie! 'n Kerk sonder 'n voortdurende spontane en georganiseerde sendingaksie loop altyd gevaar om te verstar, geestelik te kwyn en later te sterwe.

Die kerk vind immers sy lewe daarin dat die lewende Christus self in hom woon. Die kerk het dan ook die volle belofte van sy voortbestaan en sy geestelike frisheid in die belofte van Christus uit Matteus 28:20: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld”. Maar ons moet nie vergeet nie, dat aan hierdie belofte voorafgaan die sendingbevel van Matteus 28:19. Dit klink so byna na 'n voorwaarde wat Christus stel. 'n Kerk wat nie meer die evangelie uitdra na 'n wagtende heidenwêreld nie, kan uiteindelik nie meer lewe in die heerlikheid van Christus se belofte van sy lewende teenwoordigheid in die kerk nie!

Die tyd is so geweldig kort.

Daar is altyd nog so 'n ontsettende groot tekort aan arbeiders. Altyd is daar weer 'n tekort aan fondse.

Liewe leser, praat die Here nie dalk ook met u hieroor nie?

**27 Junie
9:15–27**

Lees: I Korintiërs

DIE KERK EN DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

... wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid (Romeine 12:8).

Dit was 'n belangrike deel van Christus se werk op aarde om siekes te genees, blindes te laat sien, kreupeles te laat loop en aan die armes die Evangelie te verkondig (Lukas 4:18–19). Dit was die openbaring van Gods barmhartigheid teenoor 'n wêreld geteister deur die gevolge van die sonde. Hy wat die sonde oorwin het, het as die teken daarvan dat sy koninkryk in hierdie wêreld deurgebreek het, deur sy diens van barmhartigheid getoon dat Hy medelyde het met die lydendes, en dat een maal alle tranes van die oë afgedroog sal word.

In die vroeë Christelike kerk was daar buitengewone gawes wat ten doel gehad het om hierdie diens van barmhartigheid te vervul: die gawe van gesondmaking onder andere. Maar toe die kerk se lewe meer gestabiliseer en normaal geword het, het hierdie diens van barmhartigheid vanself gekanaliseer geraak in 'n bepaalde amp, die amp van die diaken (vgl Handeling 6, 1 Timoteus 3:8–10). Van hierdie diens van barmhartigheid wat in die kerk voortdurend aan die lydendes, die hongeriges, die swakkes, die behoeftiges en alle minderbevoorregtes gelewer moet word, spreek ons teks as hy daartoe oproep dat hierdie diens in die kerk met blymoedigheid onderhou moet word. Tot vandag gee God bepaalde gawes aan mense om hierdie amp te kan vervul, al is dit meer beskeie gawes en minder opvallende gawes as die gawe van gesondmaking in die eerste eeu. Tog is dit nie minder heerlike gawes nie, en die diens van barmhartigheid van die kerk, waarin die liefde en barmhartigheid van die verlore skaar van gelowiges heerlik na vore tree, behoort tot die kosbaarste dienste van die kerk. Nooit mag die kerk hom die diens van barmhartigheid uit die hand laat neem deur die staat met sy welsynsdienste of die maatskaplike dienste van liefdadigheidsondernemings nie.

'n Kerk sonder barmhartigheidsdiens is 'n kerk sonder 'n hart. Tragies is dit as die diakensamp verval tot 'n kollekteeramp, en die diens van barmhartigheid dan aan ander oorgelaat moet word.

Wie waarlik die barmhartigheid van God in Christus gesmaak het, sal 'n oop hart en hand hê vir die diens van barmhartigheid. Het u dit?

CHRISTUS EN DIE KERKREGERING

Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hulle eie manne wees (Efesiërs 5:24).

Die kerk is 'n sigbare organisasie, en as sodanig kan dit nie bestaan en bloei sonder 'n stelsel van regering en 'n gesag aan wie die leiding en die regering opgedra is nie. Die gesag is deur die Vader aan Jesus Christus opgedra. Hy word op talle plekke in die Nuwe Testament die Hoof van die kerk geneem. Dit beteken onder andere ook dat Christus alleen oor sy kerk mag regeer soos die hoof die liggaam regeer, en dat die kerk aan Christus onderdanig moet wees en in alles die wenke van Christus moet volg.

As lewende Here regeer Christus sy kerk vanuit die hemel. Hy doen dit deur sy Gees en Woord. Ons het tevore reeds gesien hoedat Christus sy kerk vergader deur sy Gees en Woord, en hoe Hy sy kerk opbou deur die Woord. Ons het ook gesien dat Hy hierby gebruik maak van die diens van mense as draers van die Woord. As Christus nou ook sy kerk regeer deur sy Woord, dan kom daar weer eens mense by te pas, maar slegs in die gestalte van diensknegte wat diens verrig aan die Woord, die Woord moet uitdra en die Woord moet toepas in die lewe van die lidmate van die kerk.

Geen mens mag ooit die hoof van die kerk wees nie. Die ampte wat daar in die kerk is, die van leraar, ouderling en diaken, kan hoogstens daartoe dien om die Woord waardeur Christus regeer, aan die man te bring. Die Heilige Gees pas dan dié Woord toe, en so regeer Christus direk en persoonlik in sy kerk. Daarom mag dit ook nooit so word dat een of ander mens of ampsdraer in die kerk groter gesag het as die ander lidmate van die kerk nie. Alle lidmate van die kerk is gelyk. Almal is lidmate van Christus. Net al, sommige vervul ander dienste as ander: hulle preek, hulle hou toesig en handhaaf die tug, hulle vervul die diens van barmhartigheid. Maar al hierdie werksaamhede word tog ook in een of ander sin deur al die lidmate van die kerk behartig, al is dit dan onder leiding van die kerklike ampte. Die “besondere” ampte is maar net die organe waardeur die gemeente hierdie dienste verrig.

Wanneer ons ons aan die regering deur die ampte vrywilliglik onderwerp en ons deur hulle laat lei, onderwerp ons ons eintlik aan Christus wat met sy Woord oor ons regeer.

29 Junie

Lees: Efesiërs 5:22–33

DIE KERK EN DIE CHRISTELIKE SAMELEWING

Julle is die sout van die aarde ... Julle is die lig van die wêreld ... (Matteus 5:13–14).

Die kerk is 'n sigbare organisasie of instituut, maar die kerk is ook meer as dit: die kerk bestaan uit talle lidmate wat die getuienis van Jesus Christus indra in al die geledinge van die samelewing waar hulle met ander mense te doen kry. Op Maandag of Dinsdag of Saterdag sien ons die gemeente nie saamkom in die erediens nie, maar die gemeente is tog dáár, lewend, werksaam in die wêreld as 'n organisme met lewende lede.

Die kerk is die sout van die aarde en die lig van die wêreld deur die getuienis wat sy lede lewer op die breë akker van die lewe in die wêreld. Oral waar lidmate van Jesus Christus ander mense ontmoet, moet daar van hulle sodanige lieflike geur uitgaan dat andere vir Christus gewen kan word.

Die samelewing moet hulle invloed ondervind. Die bestaan van die kerk in 'n bepaalde dorp, stad of land moet tot gevolg hê dat die samelewing in sy verskillende uitinge en verbande gestempel word tot terrein waaroor die heerskappy van Jesus Christus uitgeroep is. Soos sout bederf weer, so moet die getuienis van die Christene die bederf weer uit die sedes en gewoontes en praktyke van die samelewing. Soos lig die aarde verlig, so moet die getuienis van die Christene die volksgewete aangryp en verlig, sodat alles gestel kan word onder die heerskappy van die Woord van God. Die Christene moet daarvoor sorg dat die skoolwese Christelik is, dat daar 'n Christelike pers is, dat die radio nie maar oorgelewer word aan die Satan as instrument vir sy diens nie, maar dat ook oor die eter die kennis aangaande Christus beheersend sal wees. Die Christene moet sorg vir Christelike verhoudinge in die samelewing, vir werksomstandighede wat die toets van die Christelike gewete kan deurstaan, vir 'n verhouding tussen die verskillende rasse en bevolkingsgroepe wat aan die eise van Gods Woord kan beantwoord, of dit minstens nastreef om daaraan te beantwoord. Gelowiges moet die inisiatief neem op alle terreine van die samelewing om dáár die vaandel van Christus te plant en so 'n Christelike samelewing te laat ontstaan.

Dis nie die taak van die kerk as instituut nie, maar van u as lid van die kerk as organisme, as lid van Jesus Christus.

30 Junie

Lees: Matteus 5:13–16